

CACHET APTEEK

Groot genoeg om u te
bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE
STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX

VRYDAG, 28 FEBRUARIE 1975

NR. 1

PUKKE!
vir al u kleurbadjes
**Johan Claassen
Broers**
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

— PUKKE PAS OP

BOETES KOM

Deur Jelleke Wierenga

JY'T GEDINK jy kan vir hulle wegstuur onder jou koshuisbed? Nie meer nie. Die verkeersbeampte sonder uniform is in ons midde. Dit is die nuutste toevoeging tot die permanente personeel van die Puk.

Mnr. Lourens Lemmer (39) is die man wat voortaan alle verkeersake op die universiteitsterrein gaan reël.

Volgens die registrateur, mnr. G. P. Schoeman, is die hoofrede vir hierdie aanstelling die beperkte parkeerplek op die hele universiteitsterrein. Die bouprojek van ongeveer R20 miljoen neem groot dele van die kampus en omliggende terreine in beslag. Dit bring mee dat parkeerplek tot ongeveer 1977 uiters beperk sal bly.

PROBLEEM

Aan die westekant van die spoor is daar eweneens 'n groot parkeerprobleem. Volgens mnr. Schoeman is daar maar ongeveer 180 parkeerplekke vir die meer as 2000 koshuisstudente. Daar is reeds in November verlede jaar — in die eindeksamen, soos baie hul met knersende tande sal herinner — met die bou van paaië en parkeerplekke begin. Die baie reëns van die afgelope tyd het egter die voltooiing en die teer daarvan ver-

traag, sodat parkeerplek vir die volgende ses maande nog baie skaars sal wees.

KOSHUISE

Elke koshuis sal 'n spesifieke parkeerterrein in ooreenstemming met die grootte daarvan toegewys word. Hierdie terreine sal genummer word en die ooreenstemmende nommer sal ook op die toestemmingskyfie van elke motor aangebring word. Dagstude-
dente, personeellede en besoekers sal hul eie parkeerterreine hê.

Om die parking en die verkeer op die universiteitsterrein op 'n ordelike en verantwoordelike wyse te reël, het die universiteitsraad dit goedgevind om 'n bekwame en permanente persoon aan te stel. Mnr. Lemmer sal geen uniform dra nie, omdat hy ten eerste nie 'n verkeerskonstabel is nie, maar 'n verkeersbeampte. Hopelik sal dit ook

die vyandige gevoelens teenwerk wat gewoonlik by aanblik van 'n uniform opgewek word.

TIEN JAAR

Mnr. Lemmer is 'n man met jarelange ondervinding van verkeersake. Hy was tien jaar lank 'n senior verkeersinspekteur op die Transvaalse paaie.

Die boetekaartjies wat mnr. Lemmer sal uitreik, geld parking sowel as oortreding van die padverkeersordonnansie van Transvaal, dit wil sê oortreding van die gewone verkeersreëls. Hy gaan veral let op parking, toestemmingskyfies, onpadwaardigheid (die voertuig sowel as die bestuurder!), roekelose bestuur, lisensies en derdepartyversekering. Die spoedbeperking op die kampus is 20 k.p.u. — ook vir die Saterdagand-bestuurders.

BESOEKERS

Onkundige besoekers wat op verkeerde plekke parkeer en hulle 'n boetekaartjie op die lyf loop, kan die kaartjie tsaam met 'n verduideliking na die registrateur stuur, waar dit gekanselleer sal word.

Die Raad stel die boetegeld vas en kan dit op kort kennisgewing verhoog. Volgens mnr. Schoeman is die boete vir 'n enkele oortreding voorlopig op R5 vasgestel. 'n Persoon wat herhaaldelik dieselfde oortreding begaan, se boete sal verhoog word. Hierdie boetes is dieselfde vir studente en die doserende personeel. Die boete moet binne 48 uur by die rekeningkantoor in die Administrasiegebou betaal word.

Aansoek om verligting of opskorting van boetes kan gedoen word deur 'n vorm met opgaaf van redes te voltooi. Die vorm is by mnr. Lemmer verkrygbaar. Mnr. Schoeman het beklemtoon dat hierdie aansoek baie streng oorweeg sal word.

Studente wat weier of na laat om hul boetes in die voorgeskrywe tyd te betaal, stel hulleself bloot aan skorsing.

VALS INLIGTING

Vals inligting wat verstrek word, word as 'n baie ernstige oortreding beskou. „Sterk dissiplinêre stappe sal geneem word”, in die woorde van mnr. Schoeman. Volgens mnr. Lem-

mer het hy heelwat ondervinding in dié opsig. „Hulle gesigte verklep hulle altyd”, sê hy. „Maar”, voeg hy haastig by, „van studente weet ek nou nie.”

Gevra na die houding van die studente tot dusver, het mnr. Lemmer geantwoord dat almal baie vriendelik was. Miskien moet bygevoeg word dat mnr. Lemmer nog net waarskuwings uitgereik het. Die Wapad sal mnr. Lemmer later weer oor hierdie sake ondervra.

Spesiale kaartjies in drie-
★ Vervolg op bladsy 3



Pukke wat in die verlede hul motors na willekeur op die kampus geparkeer het, sal voortaan versigtig moet wees. Mnr. Lourens Lemmer, die Puk se eie verkeersbeampte, is hier besig om toe te slaan.

Par le Vous op Puk

Deur Attie Gerber

GELEERDES aan die Sorbonne Universiteit in Frankryk en amptenare van die Franse ambassade in Johannesburg het 'n baie hoë dunk van die Puk en het my aangeraai om hier verder te studeer, het Antione Boullier (28), 'n Fransman wat nou deelyds aan die Puk klasgee, in 'n onderhoud met die Wapad gesê.

Antione, 'n man met 'n hele rits Franse, Britse en Amerikaanse grade, is nou met 'n verhandeling oor Suid-Afrikaanse en die Engelse pers in Suid-Afrika besig.

Heelwat artikels en werksukke oor Suid-Afrika het al in die buiteland uit sy pen die lig gesien. Sy meestergraad aan die King's College in Londen het hy met 'n verhandeling oor die Engelse pers in Suid-Afrika verwerf. Hy het ook heelwat politieke artikels oor Suid-Afrika vir Le Monde, Frankryk se toonaangewende koerant, geskryf.

BEURS

Hy studeer nou met 'n beurs van die Suid-Afrikaanse regering en verwag om een of twee jaar in Suid-Afrika te bly.

Op 'n vraag hoekom hy nou juis Puk toe gekom het, het Antione gesê dat die Puk baie bekend in Frankryk is. Baie Franse geleerdes neem kennis wat ons teologiese skool hier doen.

Die Franse ambassade het ook ons kommunikasiekunde, staatsleer en regsakademie aanbeveel.

Volgens hom is dit algemeen in Frankryk bekend dat die Puk Stellenbosch en Pretoria die vesting van die Afrikanerdom is.

BENDIT

Antione was ook midde in die 1968-betogings in Parys toe die studente van die Sorbonne onder leiding van Daniel Cohen-Bendit byna die De Gaulle-regering in Frankryk tot 'n val gebring het.

Hoewel Antione nie 'n aanhanger van Cohen-Bendit was nie, het dié studente-leier se vlugtige verstand en retoriese vermoë hom beïndruk.

SWAK BEELD

Antione het ook weer eens bevestig dat Suid-Afrika 'n swak beeld in die buiteland het.

„Op strate sien mens soms openlike haat jeens Suid-Afrika. Mens oorsee dink nog steeds, en ek het ook so gedink, dat Bantoe-woonbuurte deur doringdraad omring word en dat moeilikheidsmakers voor die voet afgemaai word.

„Maar toe ek hier in Johannesburg aankom, het dit soos Amerika gevoel. Van hutte en primitiewe barbare was daar

geen sprake nie. Suid-Afrika is 'n moderne Europese land. Maar, as ek die oggend wakker skrik, en ek sien die groen bome, wat te groen is, die Swartes, wat té swart is, en die rooi grond, dan weet ek dat ek in Afrika is”, het Antione gesê.

DIE PUK?

„Nou wat van die Puk dan”, het ek gevra.

Antione het begin skerm: „Sal julle my nie uitskop nie?”

Na 'n versekering van ons buigbaarheid en ons gewilligheid om aan die detente-veldtog deel te neem, het Antione gemoedliker begin praat.

„Jul meisies is pragtig, ju. Kampus modern en Amerikaanse, jul studente en dosente baie gaaf en hulpvaardig. Maar, wat my pla, is die verkramppte en stywe verhouding tussen mans en meisies hier. Dit lyk of julle vir mekaar bang is”, het hy kopskuddend gesê.

ONTGROENING

Volgens Antione is ontgroening baie kinderagtig en gevaarlik en in die moderne tydsees heeltemal verouderd. Hy is 28 jaar oud en gee glad nie om dat eerstejaars dieselfde voorregte geniet nie.

„Jul koshuisreëls is ook te streng, maar die koshuissowerhede is baie behulpzaam. By die Sorbonne is dit heel 'n ander storie”, het Antione gesê.

Antione is in Liberalia tuis en gee deelyds Franse klasse.



Japie Robbertse (ondervoorsitter) en Marius Schalekamp (voorsitter). (Foto: Fotokuns.)

WELKOM TERUG

Deur Marius Schalekamp

WELKOM op die Puk. Eintlik moet ek sê: „Welkom Puk”. U is tog die Puk! Hierdie Puk moet vanjaar „lewe”, polsend lewe sodat dit aansteeklik werk na binne en buite. Elke Puk is onmisbaar vir hierdie lewensproses. Gee jou met jou hele self in die akademie, georganiseerde studente-lewe, sleep, sport en sports. Ontdek hierdie dinge en hanteer dit

met 'n verantwoordelike verantwoordelike.

As daar vanjaar een Puk is wat met 'n stroewe of verveelde gesig rondloop sal die probleem by homself lê. U kan vanjaar benewens die aktiewe verenigings ook uitstaande flieks bywoon wat op professionele wyse aangebied word. Hierby is daar ook 'n tweede

★ Vervolg op bl. 5.

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C

Tel. 5943 en 3377

STUDENTE APTEEK

—WP

DULT-APTEEK

1975 lê op hande en dit is nou die tyd om u voor te neem om mooi te lyk, om goed te doen en om lekker te voel.

Elke aster het maar haar dae wanneer die golwe in eb is. Om hierdie frustrasies te oorkom, is dit nodig om jou swak punte te vergeet en op die plus-punte te konsentreer.

● **Moet nooit oor jou postuur praat nie.**

Asters wat aanhoudend sê hul bene is te vet, hul agterstewe swaai rond en wat uitnodigings van die hand wys omdat hulle op dieet is, verveel almal.

As jy ongelukkig voel oor jou postuur, goed dan. Doen iets daaromtrent. Doen oefeninge. Volg 'n dieet. Maar bly stil daarvoor. Leer om klere te dra wat by u postuur pas en beweeg grasieus. Stap trots.

● **Kweek 'n aangename persoonlikheid aan.**

Vir 'n man is skoonheid 'n geheel lewende, bewegende, noodsaaklike ervaring. Warmte sprinkel lewenslus en geesdrif het net soveel daarmee te doen as 'n goeie postuur en 'n gesig wat pragtig gegrimmer is. Maak 'n punt daarvan om selfvertroue aan te kweek, ontwikkel 'n goeie geselstegniek, gee aandag aan u gevoelens teenoor ander mense en u hele persoonlikheid.

● **Word 'n grimeerkunstenaar.** Mans is bang vir 'n geveerde gesig. Grimering is 'n instrument, 'n hulpmiddel om u aantrekliker te maak. Leer gerus om dit tot u beste voordeel aan te wend.

● **Belê in die toekomst.** Mans weet niks van verversing af nie, en hulle hoef ook

JOU POSTUUR!!

nie te weet nie. Hulle weet wel dat hul asters (moontlik hul vroue later) ewig jonk en aantreklik moet bly. U moet self sorg dat u vel jeugdig bly. As jy dit verniel terwyl jy jonk is, sal jy later op meer as een manier daarvoor moet betaal. Besluit om in 1975 deskundige raad oor u vel te verkry.

● **Kies 'n ander haarstyl.** Mans hou van die idee om hul vingers deur 'n vrou se hare te kan stoot. Maak seker dat jou hare hom aantrek en nie afstoot nie. Besoek 'n deskundige, laat u hare sny sodat dit die vorm van u gesig pas en hou u hare in 'n goedversorgde toestand. Dit help eenvoudig nie dat jou kamermaat of vriendin aan jou hare torring nie.

● **Dra wat jou pas.** Die mode het nog nooit minder voorskrifte gehad nie. Dra klere wat by jou persoonlikheid en leefwyse pas. Min mans hou daarvan om saam met 'n „spektakel” gesien te word. Hulle verkies die subtiele elegante voorkoms.

● **Gebruik elke dag reukwater.** Parfuum is opwindend. Mans hou daarvan, tog weet só min asters enigiets omtrent parfuum of hoe om dit te gebruik vir daardie tikkie ekstra „iets”. Neem u voor om vas te stel hoe.

● **Leer om klein titteltjies te gebruik.**

Juweliersware, serpe, handsake en sonbrille is lekker en vroulik. Leer om bykomstighede treffend en met verbeeldingskrag te gebruik. Dit sal 'n titteltjie ekstra bekoring aan u hele voorkoms verleen.

● **Gebruik u hande treffend.** Hande is die grootste verkleikers. Neem jou voor om jou hande reg te gebruik. Sit eerder op hulle as om met hulle te vrotel. Hou hulle sag en goedversorgd. Moenie met afgeskilderde naellak rondloop nie en dra rubberhandschoene wanneer jy met reinigingsmiddels werk.

Vandag se meisie lyk vry, koel, kalm en vrolik. Met alderhande klere, kleure en geure laat sy die mans verbete om haar hand veg. (Foto: Fotokuns.)



Vandag se klere

OP die kampus van die Puk draai die asters vanjaar weer rondomtalie. Hulle het klere uit die toonaangewende modehuise. Dit is kort en lank, dit is klere wat pas by vandag, dis dié klere wat die manne laat kyk en omkyk.

Die romp hang voor in die kas en die lengte wissel van net bo die knie tot net bo die enkel. Die perfekte romp het 'n dun middeltjie en klok uit na onder. Die nou romp met elastiese band en ingesette sakke vertoon die beste oor daardie smal heupies.

Bloese

Bloese is van sagte materiaal wat effekleurig is of van materiaal bedruk met interessante ontwerpe uit die jare toet. Net soos Ma of Ouma s'n, is die skouers effens opgestop. Peter Pan-krae en krae wat in 'n groot strik voor by die nek geknoop word, beklemtoon die vroues van elke aster. Die moue is vol en sag en pofmoue wat pragtig vertoon, is nou weer oral te sien.

„Smocks” wyer as ooit, soos die Meksikaners dit dra, word in 'n effekleurige of bont romp ingestee. Soms word dit bo-oor 'n ander bostuk gedra. In Londen praat hulle van die „shepherdess look” — Dit is rokke wat sag en wyd is met talle plooiertjies en armsvol veldblomme. Met so 'n rok sal jy voorwaar so 'n vars plaasatmosfeer hier op die Plaas skep, dat dit skielik lekker sal wees om klas te draf. Pakkies met volvlêrrompe en kort bypassende baadjies daarby, bring weer dieselfde elegansie van die jare '20, '30 en '40 terug na die Puk.

Klassiek

Die rokke is klassiek en eenvoudig en die beste materiaal om te gebruik is „crepe de chine”. Die hemsprok is en bly 'n wenperd. Moulose rokke en rokke waarvan die skouernate laat sak is, raak weer hoog aangeskrewe.

Somerande vra asters met midirompe en halterneke bostukke onder kimono-tipe baadjies; satyn met valletjies; geblomde patrone; gesmoke rokke wat in wye en wyer lae na onder val en mantels waarvan die boonste gedeelte oorkruis word met 'n beldjie.

Metrieke kosmetiek

VIR die aster wat met oorleg koop is daar goeie nuus. Dit sal in die nabye toekoms vir haar moontlik wees om vinnig en maklik vas te stel watter grootte die voordeligste is om te koop van bv. haar gunsteling gesigsroom.

Die nuwe metrieke verpakking vir kosmetiek en toilet-preparate in die vorm van room en pasta wat in flesses en botteltjies verpak word, is hiervoor verantwoordelik. Van die hoeveelheidsaanduidings op die houers van die preparate kan reeds van 1974/11/01 in volume wees, dit wil sê in millimeter. Dit bring mee dat: ● die prys van die verskillende groottes van een preparaat van een vervaardiger onderling maklik vergelyk kan word;

● pryse van dieselfde soort preparaat van verskillende vervaardigers maklik met mekaar vergelyk sal kan word.

Die groottes van die houers is reeds geruime tyd gestandaardiseer maar die bestaande regulasies het vereis dat die hoeveelheidsverklaring op die houers in massa-eenhede aangegeef moet word. Dit het moeilike syfers tot gevolg gehad wat vinnige prysvergelyking byna onmoontlik gemaak het.

Dit is bv. moeilik om te besluit of 37 g handroom teen 22c meer ekonomies is as 54 g teen 35c. Dit kan egter blitsvinnig vasgestel word wanneer 25 ml teen 30c vergelyk word met 50 ml teen 40c.

Om sake verder te bemoeilik het elke vervaardiger verskillende hoeveelhede verpak en was 'n vergelyking tussen twee vervaardigers se produkte 'n onbegonne taak. Met die vasstelling van die volume verpakkingspatroon sal alle vervaardigers egter slegs die vasgestelde hoeveelheid kan verpak.

Die oordeelkundige koper wat na die inhoudsverklaring oplet sal gou agterkom dat die groter en dikwels duurder houer met 'n inhoud van 25 ml, presies dieselfde hoeveelheid bevat as die kleiner, goedkoper houer wat ook 25 ml. gemerk is. Sy sal dus slegs die kwaliteit van die produk in aanmerking hoef te neem by die vergelyking tussen twee vervaardigers se preparate.

LYFGOGGA

ELKEEN van ons ondervind een of ander tyd iets wat ontstellend en verskriklik is. Hoe meer ons dit in die gesig staar, hoe groter word die frustrasie. Hierdie nare gogga wat so ongemerk om jou lyf kom tuismaak, is VET.

Dit is lèlik om te vet te wees. Elke meisie se beenstruktuur en bou is geneties bepaal vir die res van haar lewe. Elke meisie kan egter onnodige en onooglike rolletjies en poffertjies met die regte oefeninge op die regte tyd verminder. Hier volg 'n paar basiese reëls en oefeninge:

Die beste tyd om te begin is nou.

Dra gemaklike en warm klere tydens oefeninge omdat koue spiere stram maak en beserings kan veroorsaak.

Haal behoorlik asem. Dit is baie belangrik vir metabolisme en bloedsirkulasie. Wanneer jy inasem moet jy voel hoe jou longe jou diafragma af en uit druk. Asem daarna alle gebruikte lug uit.

Moet nooit aanhou met die oefeninge totdat jy stokflou is nie.

Gaan ritmies te werk en begin by eenvoudige oefeninge.

Oefeninge vir kuite en enkels.

Hou die rug regop. Klim dan 'n stel trappe op die tone op. Sorg dat die hakke nooit die trappies raak nie. By die eindpunt moet jy omdraai en weer so aftrap.

Oefening vir die middel.

Staan met voete wyd uitmekaar en arms uitgestrek na die sye. Swaai om en af om linkertoont met regterhand te raak terwyl die linkerarm omhoog gehou word. Herhaal na die ander kant en raak regtertoont met linkerhand.

Oefening vir dye.

Staan regop en swaai regterbeen op sodat die toon jou uitgestrekte hand raak. Herhaal agt keer en herhaal daarna met die linkerbeen.

Lengte	Klein	Medium	Groot
Voet	Kg.	Kg.	Kg.
4'11"	42	45	49
5'	43	46	51
5'1"	44	48	52
5'2"	46	49	54
5'3"	47	50	55
5'4"	49	52	56
5'5"	50	54	58
5'6"	52	55	60
5'7"	54	57	62
5'8"	55	59	64
5'9"	57	61	65
5'10"	59	63	68
5'11"	61	64	70
6'	63	66	72

Kyk op hierdie tabel wat jy behoort te weeg.

UITSLEEP



**VIR AL U ETES BINNE
SLEEPAFSTAND
EN VIR GESELLIGE VERKEER
SAAM MET JOU MEISIE EN
VRIENDE**

—WP.

CACHET MODES

EKSKLUSIEWE EN
BYDERWETSE
DAMESMODES

Pryse om elke sak
te pas.

TOMSTRAAT 94
TEL. 5038

—WP



Reaksie: Afrikaner en die V.P.

Deur Nick Kruger

'N LAND se regering is so sterk as wat sy opposisie is. Opper hierdie gesegde in politieke kringe in S.A. en gedagtes dwaal dadelik na die Verenigde Party, die amptelike opposisie in Suid-Afrika, en die tragiese agteruitgang van die party.

Vir my het die agteruitgang van die V.P. in 1970 begin, en nie in 1948 nie.

„SWARTBANGMAAK“

Enigeen wat kennis dra van die politieke ontwikkeling in S.A. gedurende die tydperk 1948 tot ongeveer 1970 sal weet en besef dat geen party kon bly staan teen die N.P. se „swartbangmaak“ politiek nie.

D. F. MALAN

Die N.P., wat in sy vroeë bestaansjare eerder 'n kulturele organisasie as 'n politieke party was, met kulturele leiers soos dr. D. F. Malan, het in hierdie tydperk op die gevoel van die Afrikaner gespeel met slagspreuke soos „ons sal die kaffer op sy plek sit“.

Nou sal u vra waarom is die N.P. vandag dan so sterk? My antwoord is dat 'n politieke laksheid onder die kiesers van S.A. ingetree het. Die rede

is voor die handliggend: na die Tweede Wêreldoorlog het S.A. geweldige ekonomiese groei ondervind, soos die res van die wêreld.

VOORSPOED

Voorspoed is steeds ons metgesel, vir hoe lang nog weet ek nie. Daar is geredeneer dat as alles dan so voorspoedig gaan, hoekom teen die N.P. stem. Die kiesers se belangstelling in die politiek het afgeneem, en veral van belang, ons jongmense het uiters laks en oningelig geraak.

Maar hoeveel van u het uself al die vraag afgevat: Sou dit nie nog beter met S.A. gegaan het as die N.P. nie aan bewind was nie? Let wel, of met S.A. en nie met die Afrikaner nie.

Ek stel dit so omdat die Afrikaner, en ook 'n persentasie van die anderstaliges in ons land, wat in die N.P. saamgetrek is, hul wit velle wou beskerm deur wetgewing, en die teoretiese oplossing van die tuislandse ontwerp het. Hiermee het die N.P. 'n wenner by die stembus gehad, maar nie 'n oplossing vir S.A. se probleme nie.

Daardeur is een loyaliteit teenoor 'n verenigde S.A. verbreek en agt of nege loyaliteite binne S.A. geskep. En vreedsame naasbestaan het daaronder geleë.

DINK

Het dit nie tyd geword dat u en ek begin dink aan die volle konsekwensies van hierdie beleid nie. Na buite is mnr. Vorster besig om goeie en groot deurbrake te maak, maar was dit nie vir apartheid nie, sou daardie deurbrake twintig jaar gelede al gemaak gewees het. Hy maak nou reg waar ander N.P. manne verbrou het.

DIE V.P.

Dit bring my by wat ek lankal wou sê, nl. dat die V.P. 'n beleid het wat meer as net 'n oorweging verdien. Lê die oplossing vir ons binnelandse probleme nie in 'n federasie nie? Blykbaar begin sekere Nasionaliste ook in daardie rigting, die regte een, dink, soos ons nou in Suidwes sien. Moenie net vaskyk teen die woelinge in die V.P. nie, en hopelik is dit nou ook iets van die verlede, maar ondersoek die meriete van sy beleid. Sels die N.P. sit met sy „noot en ooit“ mense wat eintlik in die H.N.P. hoort.

GELUK

In die laaste plek 'n woordjie van geluk aan mnr. John Vorster. Hoe hy so ver in Afrika kon vorder met apartheid om sy nek bly 'n raaisel. Dink net hoe maklik sou dit

gewees het sonder daardie meulsteen.

Nick Kruger.



DIÉ BRIEF

EN ek kon dit nie glo nie. Nadat die bestuurder van 'n bekende kleresaak in Potchefstroom my oortuig het deur die onomstootlike bewys aan my voor te lê, het ek my kop in skaamte laat sak.

Met die Pukwapen trots in die boonste regterhoek en die briefhoof wat lui: „Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys“, het ek die brief van die finansjele komitee wat bydraes vir ons komende karnaval vra, begin lees.

Die bestuurder van die betrokke kleresaak het selfs so ver gegaan om al die spel- en tikfoute te onderstreep.

Die brief begin so: „Geagte Meneer, Ons wol u graag bedank vir u mool bydrae tot die

„Is jy mal, jaar? Ek sal nie jou bakstene vat nie“, sê hierdie onskuldige senior aan die verdwaasde eerstejaar. Vanjaar se ontgroening het vlot en sonder enige voorvalle verloop. Dit is op sigself 'n groot prestasie aangesien die ys maar taamlik dun was. Die rede hiervoor is moontlik die goeie verstandhouding tussen die huiskomitees en die Studenteraad. (Foto: Fotokuns.)

Puk-studente se Karnaval '75“.

Die brief is deurtrek met tikfoute wat half uitgevee is. Sinne word met kleinletters begin. Dit lyk asof die betrokke persoon wat die brief getik het, ter elfde ure die naaste tikmasjien gegryp het en blindelings aan die tik gegaan het.

Dit is ook duidelik dat niemand dié brief geproeflees het nie.

Dan vra hierdie mense nog geld vir Karnaval '75. Enige regdenkende besigheidsman sal in sy mou vir ons onbeholpenheid lag.

Die les wat hieruit te leer is, is dat mense in verantwoordelike poste moet leer om hul verantwoordelikheid na te kom.

Enige Puk op dié kampus kan met die redaksie van die Wapad in verbinding tree om self hierdie brief te lees.

BOETES GAAN KOM

* Vervolg van bladsy 1

Hy het darem laat deurskemer dat hy getroud is en reeds twee spruite het.

Mnr. Lemmer het al Pukke uitgenooi om te kom kennis maak by sy kantoor in die Tegiese Departement. Almal wat nie op hoogte is met die verkeersregulasies nie, kan ook kom hart uitpraat. Die volledige regulasies is by Navrae in die Administrasie beskikbaar.

Naskrif: Mnr. Lemmer is 'n frissegeboe sonder-nonsies man.

Alle manstudente: Mnr. Lemmer is 'n frissegeboe sonder-nonsies man.

Alle damestudente: Vergeet van die advertensie waar sy met mooi wit tandjies haar Kit Kat met hom deel.

TEKENS

Die huidige verkeerstekens op die kampus sal in oorleg met mnr. Lemmer aangevul en verander word. Genommerde parkeertekens sal die onderskeie parkeerterreine aandui.

Mnr. Lemmer is geen vreemdeling op die Puk nie. Hy is 'n buitenuurse B.A.-student met hoofvakke Bybelkunde en Kriminologie. Hy is ook die broer van Ria Lemmer, die vrou van Johan van Rensburg van Alabama-faam.

Die nuwe verkeersbeampte wou nie sy adres bekendmaak nie. Om verstaanbare redes.

Groot visse vir 1975

DEUR BERTIE DU PLESSIS

NADERSTAAN Hengelvriende! Die P.U. Varswaterhengelklub beplan groot dinge vir 1975. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om alle Puk-hengelaars terug te verwelkom. Voornemende hengelaars word vriendelik uitgenooi om hulle by die klub aan te sluit. Lidmaatskapkaartjies teen R2 is verkrygbaar by die Uitsleep Restaurant en by Tamboti Woonstel nr. 15 (agter Uitsig deurloop).

'n Volledige jaarprogram vir 1975 sal aanstons in Die Wapad verskyn. Ons beplan o.a. om die verskillende koshuise by klubkompetisies te betrek. Die manne sal hulle vaardigheid moet toon by Boskopdam en langs die Vaal. Bo en behalwe hierdie kompetisies sal Pukspanne ook gekies word om teen naburige klubs te hengel.

Dan is daar ook nog die deurlopende swerwerskompetisie. In hierdie kompetisie moet hengelaars alle vis wat hulle gedurende die jaar vang inweeg en sodoende punte

verdien na gelang van soort en massa.

PUKSPAN

Uit die beste hengelaars wat die kompetisies oplewer word 'n Pukspan gekies. Hierdie span gaan dan in Oktober tiervis vang by Kariba. Die Pukke is al ou bekendes by die „Kariba International Tiger Fish Tournament“ waar hulle die afgelope twee jaar blink vertonings gelever het.

TRAAG

Plaaslike vangste is op die oomblik maar skralerig. 'n Paar mooi geelvis en karp is gedurende die vakansie aangekeer maar oor die algemeen is ta maar traag om die aas aan die troebel waters te vat. Die Vaalrivier in besonder sal vir ten minste nog twee weke „buite aksie“ a.g.v. die vloedwaters wees.

Ons vertrou dat 1975 in 'n vrugbare hengelaarjaar sal ontwikkel en dat ons manne se potensiaal in provinsiale hengel hierdie jaar tot sy volle reg sal kom.

Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels“.

ANDRÉ JOUBERT



Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.

1. Studielenings: Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. MBA-studielenings: Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. Studente: Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. Gegradueerdes R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. Persoonlike Lenings (Studente): Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. Persoonlike Lenings (Gegradueerdes): Tot R6 000: om pasgekwalfiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. Spaar- en lopende rekeninge.

DIE BULT

TELEFOON 4241

—WP.

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060

Tomstraat 84

POTCHEFSTROOM

Tel. 6660

—WP

UITSIG RESTAURANT

VIS en SKYFIES

MIDDAGETES AAN STUDENTE

TEL. 6260

TOMSTRAAT 98

POTCHEFSTROOM

—WP.

—WP.

Nuwe 1^{ste} vir SIP

DIE Sentrum vir Internasionale Politiek het gedurende die afgelope vakansie 'n nuwe tuiste gevind nadat die Puk 'n huis langs die Dramakunde-gebou in Hoffmanstraat aangekoop het.

Die huis huisves kantore politieke navorsers. 'n Groot lees-kamer maak ook voorsiening vir studente, dosente en ander belangstellendes wat rustig politieke publikasies wil lees.

Ofskoon die Sentrum heelwat invloed na buite het, weet min Pukke eintlik wat die Sentrum aanvang. Slegs studente met aanverwante studierigtings is redelik met die Sentrum se werksaamhede vertrou.

Die hoof van die Sentrum, prof. C. P. van der Walt, is 'n gesaghebbende op die gebied van die internasionale politiek. Hy is ook 'n lid van die International Institute for Strategic Studies.

Die Sentrum verskaf ook voltydse werk aan politieke navorsers en mnr. H. R. Lass een van dié navorsers, se werk oor terroriste-oorlogvoering sal binnekort verskyn.

In die Sentrum se groot leeskamer kan die bekendste politieke en militêre tydskrifte gelees word. Die Sentrum het ook sy eie nuusbrieff, die Wêreld in Oënskou. Dié nuusbrieff het baie invloedryke medewerkers in die buiteland en word in Suid-Afrika as gesaghebbend beskou. Verder publiseer die Sentrum ook werkstukke wat verskeie velde van die internasionale politiek dek. Die Sentrum wil ook as inligtingskantoor 'n rol speel en studente, dosente en ander belangstellendes wat ternouernood politieke inligting wil bekom, kan gerus by die Sentrum se deur gaan aanklop.

Die Sentrum hou ook gereeld simposiums en byeen-

komste waartydens politieke gesaghebbendes 'n aspek van die internasionale politiek bespreek.



Die Sentrum vir Internasionale Politiek het tydens die vakansie na Hoffmanstraat 4 (langs Dramakunde) oorgetrek. Hier is nou genoeg plek vir 'n hele aantal politieke navorsers en ook 'n groot leeskamer. (Foto: Fotokuns.)

LAPELWAPENTJIE

Deur Ben Cloete

DIT is die eerste keer in die geskiedenis van die universiteit dat 'n vereniging wat 'n integrale deel van die georganiseerde studentelewe is 'n lapelwapentjie as tipiese kenmerk gekry het.

Op Maandag 10 Februarie het mnr. Paul Krüger, voorsitter van die Korps Veritas Vincet, die eerste lapelwapentjie aan mnr. Marius Schalekamp, Studenteraadsvoorsitter, oorhandig.

Daar is aan elke studenteraadslid 'n lapelwapentjie oorhandig. Mnr. Marius Schalekamp het 'n woord van gelukwensing tot Korps gespreek met die hoop dat daar op hierdie pragtige en unieke tradisie voortgebou sal word.

Die wapentjie het 'n glansende oppervlakte en is stewig gemaak. Die prys is R1,20 en is by die Korpsleiers verkrygbaar.

Een van die hoogtepunte in die verloop van dié jaar van Korps se werksaamhede gaan „Die wêreld van '70" wees.

Elke vyf jaar laat die Publikasiekomitee van K.V.V. 'n boekpublikasie die lig sien. Die afgelope vyf jaar is daar hard deur dié komitee onder leiding van prof. Rassie Smit, die redakteur, gewerk.

Op 7 Maart sal die boek in sy aantreklike omslag tydens 'n bekendstellingsfunksie sy verskyning maak.

„Die wêreld van '70" sal deur verskeie boekhandelaars versprei word. Die grootste aantal boeke sal egter deur die Korpselle op die kampus verkoop word.

Nuwe Rau klaar

DIE bouwerk aan die Randse Afrikaanse Universiteit se nuwe kampus nader nou vinnig voltooiing en 2 500 studente saam met akademiese en administratiewe personeel het reeds in die geboue, wat in die stadium R55 miljoen kos, ingetrek.

'n Langtermynplan is al in 1968 opgestel. Dit was gebaseer op 'n studentetal van sowat 12 000 teen die jaar 2 000 en 'n waarskynlike studentetal van tussen 4 000 en 5 000 in 1980. Die eerste fase wat nou byna voltooi is, maak vir meer as 4 000 studente in 1978 voorsiening.

BINNEPLEIN

In die eerste fase van die bouprogram is die binneplein, wat deur die gesentraliseerde onderriggeboue omsluit word, voltooi as ruimte wat onversteurd sal bly gedurende die jare van groei en wat die Universiteit deur alle fases beeldend sal verteenwoordig.

GERIEWE

Vir die studente is daar buitengewone geriewe geskep. Die studentegemeenskapsentrum is byna voltooi. Hier is 'n modern ingerigte restaurant, asook ontspanningsale, plek vir binneshuise sport en ander geriewe eie aan so 'n sentrum.

Die sportterrein bestaan uit sowat 100 akker wat haas alle moontlike sportbedrywighede binne 'n paar minute se stapafstand van die kampus moontlik maak.

MOTORS

Vir die verwagte groot aantal motors wat om die kampus sal versamel sal parkeerplek vir 1 200 motors binnekort gereed wees.

Neem kennis

MEDEWERKERS en Pukke wat aan die Wapad wil meewerk moet daarop let dat die Wapad Maandagaande 19h30 gepak word. Dit beteken dat kopie nie later as Maandagmiddag 14h00 in posvakkie 15 by die S.R.-kantoor ingegooi moet word nie.

Die kunsblad, damesblad en hoofartikelblad moet reeds Maandagoggend by die drukkers ingehandig word. Dus is dié blaie se sakterd Donderdagaand 19h30. 'n Koerant verskyn dan nie die volgende dag nie, maar wel dié Vrydag oor 'n week.

Briewe moet die redaksie op Woensdae bereik en sal dan oor 'n anderhalfweek verskyn. Geen stof sal geplaas word as dit nie getik is nie.

Daar sal streng by hierdie reëlings gehou word.

AANDAG!

REDAKSIELEDE moet so gou as moontlik met Attie Gerber by Liberialia, tel. 2129 in verbinding tree. 'n Algemene vergadering van redaksielede moet so gou as moontlik gereël word.

Redaksielede kan ook met my of Jan Habig van Maandag tot Vrydag by die Sentrum vir Internasionale Politiek (Hoffmanstraat 4) in verbinding tree. (Redakteur).

Bib.: Nuwe bedeling

NUUSMEDEWERKER

WERK aan die biblioteekgebou is nou na drie jaar voltooi en Pukke kan rustig hier studeer sonder dat hulle deur boubedrywighede gehinder word, het mnr. P. Aucamp, onderbibliotekaris van die Puk, vandeeweek aan Die Wapad gesê.

Die gebou bied sitplekruimte vir 1 200 gebruikers en na verwagting sal studente in 'n toenemende mate van die gerieflike studiegeriewe gebruik maak.

INLIGTINGSDIENS

Die naslaan- en inligtingsafdeling in die biblioteek word deur drie opgeleide bibliotekaresse onder leiding van mev. V. Venter beman en studente word uitgenooi om van dié

diens gebruik te maak. Hulle sal ook graag voorligting aan individuele studente in verband met biblioteekgebruik verskaf.

IDENTITEITSKAARTE

„As gevolg van die toenemende studentetal het dit nodig geword dat die biblioteek vanaf vanjaar identiteitskaarte aan geregistreerde biblioteekgebruikers uitreik", het mnr. Aucamp gesê.

Hierdie identiteitskaarte verleen aan die gebruiker die reg om boeke uit te neem en gereserveerde boeke te gebruik.

Dit behoort die probleem dat 'n ongeïdentifiseerde 'n gereserveerde boek tot ongerief van ander uit die biblioteek verwyder, uit te skakel. Dit

sal ook voorkom dat 'n mens boeke, met 'n ander se lenerakkies kan uitneem. In die verlede het baie probleme in dié verband opgeduik en na verwagting sal die identiteitskaarte 'n doeltreffender diens in die hand werk.

BOETES

Vanjaar sal die regulasie wat bepaal dat studente 'n boete van drie sent per boek moet betaal vir boeke wat laat ingelewer word, streng toegepas word.

Dit het nodig geword omdat dit gebruikers wat vir uitstaande boeke wag, groot ongerief verskaf. Die tik en uitstuur van aanmanings bring ook ekstra onkoste vir die biblioteek mee.



Die Puk se Studenteraad vir 1975. Almal is op-en-wakker en wag dat die wile volstroom moet begin rol. In gewone volgorde verskyn: Jan van Niekerk, Phillie Hattingh, Ineke Lindhout, Dawie Weyers, Cois Harman, Frans van Dyk, Theuns Eloff, Francois van Wyk, Tjep van Schaik, Eric van der Walt, Ben Cloete, Johan Pretorius. Sittende voor is: Japie Robertse (ondervoorsitter), Marius Schalekamp (voorsitter) en Charl van der Merwe. (Foto: Fotokuns.)

Baie begroot te veel

VANJAAR se begrotings is weer eens deur 'n onrealistiese houding van verskeie verenigings gekenmerk.

Prompu het vir R8140 begroot en net R650 is toegestaan. Die Voortrekkers se begroting was R3 796 en hulle het net R600 gekry.

In feitlik al die gevalle moes die snoeiskêr kwaai ingele word.

Daar het ook probleme met die Wapad se begroting vir drukkoste ontstaan. Die Studenteraad het aanvanklik net R6 000 begroot. Met die prys-

styging van papier het die drukkoste R9 500 beloop.

Op 'n vergrote dagbestuursvergadering op 18 Februarie is eenstemmig besluit om die ekstra R3 500 te bewillig.

Hier volg die amptelike begroting van die Studenteraad.

INKOMSTE	16 110,00
UITGAWES:	
Studenteraad	16 110,00
A.D.B.	17 250,00
A.B.K.K.	2 930,00
A.O.B.	2 890,00
K.V.V.	2 050,00
D.N.B.	550,00
S.A.B.	4 320,00
	46 100,00

LENINGS GOEDGEKEUR:

Alabama	20 000,00
Thalia	10 730,00
P.U. Koor (Uitstaande)	
Karnaval	5 000,00
	35 730,00

AANDAG ALLE STUDENTE

DIE WAPAD IS BEREID OM U
PERSOONLIKE ADVERTENSIES TE
PLAAS TEEN MINIMALE KOSTE

KONTAK JAN HENNING BY
STUDENTERAADSKANTOOR
DANKIE

—WP

KOOP-N-LOOP

PADKAFEE

STRES

EERSTE KAMPUSFLIEK IN S.A.

Deur Sam Basch

CINEPUK, wat verlede jaar reeds met groot sukses rolprente op die kampus vertoon het, begin hierdie jaar op 'n professionele grondslag werk. Met die aankoop van 'n groot 35 mm projektor sal die Pukke rolprentprogramme van hoogstaande gehalte kan sien, en dit maak Cinepuk die eerste kampusfliek in die land.

Cinepuk sal Vrydagaande in die Totiussaai 'n hele rolprent-program kan aanbied, met advertensies nuusfilms soos S.A. Spieël, dokumentêre films en selfs „cartoons”. (Die program van vollengte films vir Februarie en Maart verskyn elders op die blad.)

SLEEPTYD

Hierby sal op Woensdagaande gedurende sleeptyd gratis dokumentêre rolprente vertoon word. Op Sondagaande om 8.30 sal ook gratis Bybelfilms gewys word. Cinepuk het verder planne om die Totiussaai te verander, sodat Pukke gemakliker kan sit en beter kan sien.

'N FEESJAAR VIR D.S.D.

HIERDIE departement is vanjaar tien jaar oud. 'n Hele aantal aanbiedings word in die vooruitsig gestel.

„Slotspel”, 'n drama van Samuel Beckett, speel reeds vanaf 28 Februarie tot 8 Maart in die P.U. kamertoneel. Peet van Rensburg neem die regie waar; hy was ook regisseur van „Oom Wanja”, 'n uitstaande aanbieding, wat verlede jaar opgevoer is.

Ander aanbiedings vanjaar is:


Meksikaanse Volkskomedies — 21, 22 Maart
Die Glasdeur — 18—26 April
Bybelprogram — 23 Maart
Die Liegbek — 2, 3 Mei
Die Boerenooi — 21—23 Mei
'n Poppehuis — 14—21 Junie
Dansteater — 1 Augustus
Honns. Spraakprogram — 8, 9 Augustus
Die Reënmaker 12, 13 September
16—20 September
Oedipus — 1—3 Oktober
Van tyd tot tyd sal meer besonderhede omtrent elke opvoering verskaf word.
Seisoenkaartjies is teen die billike prys van R10,00 by die departement beskikbaar.

TYDSKRIFTE

'n Kafeteria in die foyer sal alles te koop aanbied wat in 'n normale bioskoop se kafeteria te koop is, o.a. die tydskrifte Cinema & TV en Variety. Ander projekte wat beoog word is 'n kunsuitstalling deur studente, 'n skaakbaan voor die Puk-Pik, (wat reeds in dié jaar voltooi sal wees) en 'n uitstalling van televisie-apparaat.

● Aan al die eerstejaars wat verlede week op die saalvloer moes sit; in die vervolg sal elkeen wat sy toegang betaal, geregtig wees op 'n sitplek. Diegene wat met dieselfde vertoning ontevrede gevoel het oor die klank; dit het onder ons aandag gekom dat 'n mot in die projektor die klank bemlemmer het. Hierdie probleem is nou opgelos deur die tegniese personeel van Cinepuk.

Toegang by Cinepuk se rolprentvertonings sal 20c in die saal wees en 30c op die galery. Puk-dames mag vir 'n Puk aksie uitteken.




Albert de Beer, die ysterhand van Cinepuk, glimlag hier trots by sy nuwe projektor. Albert het hand-en-mond belowe om al die groot fliks vanjaar in die Totiussaai te wys. Cinepuk is die eerste volwaardige kampusfliek in Suid-Afrika. (Foto: Fotokuns.)

Toer deur Europa

'N GROEP studente en personeellede van die Dept. Beeldende Kunste het gedurende die afgelope vakansie 'n baie suksesvolle studietoer deur Europa onderneem. Die toer van 30 dae het Italië, Duitsland, Holland, Frankryk, Engeland en Spanje ingesluit.

In Italië is elf dae deurgebring, aangesien dit die setel van die Klassieke en Renaissance kuns is. Tog het dit opgeval dat die studente meer tot die moderne kuns agetrokke gevoel het, soos in veral Parys en Amsterdam aan te tref is.

Volgens lede van die toer het alles baie voorspoedig verloop. Selfs die weer was besonder goed. Hoewel geen luukse toer nie, het almal gevoel dat dit meer as die moeite werd was. Die toer is gereël en gelei deur mej. Adrienne Viljoen.



CINEPUK

PROGRAM van Cinepuk rolprente vir Februarie/Maart:
Sat. 22 Feb. Strangler of Rillington Place
Woens. 26 Feb. Amerikaanse Studentelewe
Vry. 28 Feb. Day of the Jackal
Woens. 5 Maart Ons toer deur Europa
Vry. 7 Maart Love Story

Sat. 8 Maart Love Story
Woens. 12 Maart Motorbeeld
Vry. 14 Maart The Chase
Woens. 19 Maart „Cartoon”-aand
Vry. 21 Maart Play Misty for me
Sat. 22 Maart Joe Kidd
Maan. 24 Maart Cromwell
Dins. 25 Maart People Next Door
Enige veranderinge sal op hierdie blad aangekondig word.

Twaa f konserte

Deur Susan Kempff

AANDAG musiekliefhebbers! Die departement van Musiek bied vanjaar twaalf konserte aan. Vyf is Meesterskonserte en sewe is Collegium Musicum konserte.

In die Meesterskonserte tree meestal gevierde Europese en van die beste Suid-Afrikaanse musici op. Philipp Hirschhorn, 'n uitstaande Russiese violis, wat verlede jaar na die Weste oorgeloop het, tree onder meer op 13 Mei op. Werner Nel, verbode aan die plaaslike konservatorium en wat alleweë as een van die vooraanstaande Suid-Afrikaanse baritone be-

skou word, gee 'n uitvoering op Vrydag, 14 Maart.

Die datums waarop die Meesterskonserte aangebied word, is:

Vrydag, 28 Februarie — Amsterdamse Kamerorkes.

Vrydag, 14 Maart — Sanguitvoering deur die bariton, Werner Nel.

Dinsdag 13 Mei — Philipp Hirschhorn, 'n Russiese violis.

Maandag, 2 Junie — Peter Katin, 'n Britse pianis.

Donderdag, 31 Julie — Trio de Trieste, 'n gesogte Europese kamerstukgroep.

Seisoenkaartjies is beskikbaar (spesiale tarief vir studente: R4) en plekbepreking vind plaas by die konserwatorium.

Die Collegium Musicum konserte word aangebied deur die studente en personeellede van die Musiekdepartement. Ook hierdie konserte is van hoogstaande gehalte.

Die datums vir laasgenoemde konserte is:

12 April,
1 Mei,
29 Mei,
19 Junie,
12 Augustus,
4 September,
4 Oktober.

Hierdie konserte wissel van individuele aanbiedings tot kore en simfonie-uitvoerings.

NEEM ASB. KENNIS

KORRESPONDENTE en redaksielede van die Kunsblad moet alle artikels, korrespondensie en berigte vir hierdie blad vóór 5 nm. op Donderdae by die redakteur of in die Wapadbussie by die S.R. kantoor inlewer. Artikels wat nie getik is nie, sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

CINE PUK

Ons soek:

'n op en wakker persoon met jong nuwe idees vir die Puk.

REKLAMEBESTUURDER

persone wat belangstel in

**ARGITEKTUUR
SKAAK
YSSKAATS
KUNS**

Ons soek 'n

**TEGNIIESE BESTUURDER
PROJEKTOR OPERATEURS
'N FOYERBESTUURDER
KAARTJIEVERKOPERS.**

Ons bied onderhandelbare vergoeding, gratis toegang tot aksies, 100% terugbetaling van onkoste en 'n professionele organisasie.

Aansoeke word ingewag van mans sowel as dames. Alle inligting beskikbaar by Studenteraadskantoor.

—WP



Soos die protokol dit vereis, het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, die eerste kaartjie van Cinepuk ontvang. Cinepuk sien uit daarna om prof. Bingle as 'n gereelde teaterganger te ontvang. (Foto: Fotokuns.)

MONTIUM IN DIE KAAP

GEDURENDE die afgelope vakansie het 17 Pukke weer eens die geleentheid gehad om berge toe te vlug. Met swaar rugsakke en honderde blikkies kos, het dié burgers van die berge die lang pad na die Kaap met 'n Mini, Volksie en 'n Landrover gevat.

Elkeen het sy eie bedenkinge gehad en was aanvanklik maar ietwat lugtig vir mekaar.

Die eerste nag het die bergburgers in Bloemfontein se woonwagpark onder die sterre geslaap. Die volgende nag het hulle in die Vriendelike Stad, Port Elizabeth, by Anton MacLaughlan, hul toerleier, geslaap en die volgende dag na die Formosa-hut vertrek.

Hulle het die Otterwandelpad tussen Stormsriviermond en Nature's Valley aangedurf. Die bergburgers het verskeie riviere oorgesteek en gereeld

by watervalle afgekoel.

Wie sou nou vir Fra Jo Jo Sef Cha kan vergeet. Dit was die vlot, met vlag en die werke, wat daarvoor verantwoordelik was dat die groep in twee moes verdeel.

Albei groepe het sopnat gereën. Die groep duskant die Bloukrantrivier het 'n fees van 'n maaltyd die aand na die verdeling gehad, naamlik koue mielies en Bully Beef op die nasionale pad.

'n Dag later het die groepe weer verenig en na Plettenbergbaai toe gegaan waar hulle sowat 8 km gestap en geswem het. Die volgende dag het die helfte van die groep die Formosapië aangedurf. Die stywe klim het vroeg die oggend begin en hoe steiler die klim geword het, hoe stiller het die bergburgers begin word. Weens mis en skaarste aan water het die groep op sowat 3 000 voet bo seespieël besluit om kamp op te slaan. Daardie aand het die son op die see ondergegaan.

Die toer is op 'n hoë noot afgesluit. Almal het die laaste Sondag van die toer 'n lekker ete in Plettenbergbaai genuttig — 'n verandering van provitas, kaas en sjokolade.



Twee van die Puk se natuur-liefhebbers uitgeput na 'n strawwe skof. Florna, Montium en Korps het almal tydens die afgelope vakansie die veld ingevaar.

Probleme stuit Florna nie

OFSKOON heelwat probleme met die aanvang van die Florna-toer in November verlede jaar opgeduik het, het Pukke stralend gelukkig en blakend gesond net voor die einde van die laaste maand van 1974 na Potchefstroom teruggekeer.

Florna het na Glenmore, 'n paar kilometer van Port Edward, aan die Natalse Suidkus, getoer. Daar moes van twee busse gebruik gemaak word nadat die eerste een net buite Potchefstroom kop tussen die bene gaan staan het.

BALJAAR

Glenmore het die Flornariete vir ses genotvolle dae aan 'n baie lekker en veilige see uitgelewer. Dit was niks snaaks dat die manne sommer vir twee, drie uur ononderbroke in die see baljaar het nie.

CANTE LIBRE

Saans het almal om die kamp-

vuur (Drew Deacon s'n) vergader en dan het die kitare behoortlik getjank. En dan, elke aand se hoogtepunt, het Drew sy gevoelvolle Cante Libre gesing — met ewe gevoelvolle kitaarspel. Toerpa Thys het die dromme „flat in C" gespeel. Daarna het Mother Goose (Gother Moose of Dick Faul) gewoonlik van iemand se gehangery gesing — of van Chicago se sedeloosheid.

MISS FLORNA

Bedags het die asters loop en naels kou, iets het soos kanker aan hulle gevreet. Almal het probeer „shine"-vang vir die Mej. Florna-wedstryd — tweede in aansien en skoonheid na Mej. Wêreld.

Miss Loeriesfontein (Anria Louw) was die gunsteling, daarom het sy elke dag gebad en hare gewas terwyl die mans soos stinkende seerotte gestink het. Cathy Dubery, Hattie Hettingh, Wilma die Portugees, Chamber, Irma la-Douce, Kradie Gruiderinck — die hele boks-en-daais het die beoordeelaars se oog probeer vang.

Onenigheid onder die beoordeelaars het egter veroorsaak dat dié wedstryd tot November vanjaar uitgestel is — en Miss Loeriesfontein wou net in die see gaan spring.

VLIEG SAAM

Daar was ook 'n groeple wat met hul optrede en onsamehangende gepraat 'n vraagteken bo hul koppe laat hang het. Die groeple, die Fly United Squad, was maar altyd te gretig om saans, soms bedags ook, in hul vrye tyd oom Piet met sy varke en voëlhok te gaan help.

LORD

Deur Kobie Strydompie se toedoen het die groep darem nie heeltemal verbarbaars nie. Met al die waardigheid in pag het hy soos Lord Oom Piet van ouds die Australiese besoekers in hoogs Angelsaksiese Engels verwelkom.

Korpsprojek na Kwa Mashu

Deur Ben Cloete

KORPS het weer eens 'n suksesvolle projek tydens die afgelope vakansie in Kwa Mashu, 'n Bantoe-streek in Natal, voltooi.

Die projek het die oprigting van 'n staalkonstruksie vir 'n kerkgebou behels.

Twee-en-veertig Korpslede het die projek aangepak en net enkele het enige kennis van bouwerk gehad.

Daar was van die grond af begin. Fondamente moes gegrawe en gegooi word, uitmetings en afmetings moes ge-

doen word.

Groot konkas water was van ver af aangery en die beton was met die hand aangemaak. Vir die grootste deel van die toer was daar nie 'n sementmenger beskikbaar nie.

FOUT

Die bouwerk was vir twee dae gekortwiek weens 'n fout wat die bou-instrukteurs gemaak het. Daar moes soms in gietende reën gewerk word om die beplande mylpaal met die bouwerk te bereik. Die swaar staal-dakkapies moes met behulp van 'n selfontwerpte hyskraan op die staalpilare aan weerskante gekonstrueer word. Dit het menige oomblikke van gevaar en sweet meegebring.

AMOK

Na elke dag se agt uur van swaarkry (tog ook lekkerkry) het die groep Pukke amok op die strand by Umshlanga Rocks, waar hul tuiste was, gaan maak.

Onvergeetlik was die strandbraaivleis wat in 'n fyn motreën en tierende wind gehou was.

Mnr. Tjaard Venter was die groep se toerleier.

Iets wat die ou van alle verbygangers laat rek het, was die Thalia sleepwa agter die bus genaamd: Kinkels in die Korps.

Die volgende Korpstoer vind plaas in Julie na Zoeloland.



Gradie Kruidenick is nou mooi keelvol.

BARTIE JUWELIERS

ALGEMENE
JUWELIERSWARE
EN HORLOSIE-
HERSTELWERK

—O:—
TOMSTRAAT 98
TEL. 6597
DIE BULT

—WP.



Van die uitblinkers op die eerstejaars se atletiekbyeenkoms: Piet Kruger, Tinus van Wyk, Savvas Agagathalow en Piet Goosen.



Na 'n strawwe dag by die see het die Flornariete saans nog tyd om musiek te maak, gehad. Florna, wat na Glenmore

aan die Suidkus getoer het, beoog groot dinge vir vanjaar en eerstejaars word uitgenooi om by dié vereniging aan te sluit. Dit is die vereniging

waar daar altyd 'n besondere groepsgees ontstaan. Dus, ruk op met jou kitarr, banjo, bekfluitjie, tamboeryn en sluit aan.

Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningsskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomiese en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikaat. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoër rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde — te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.



Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Op die Standard kan u staatmaak

LINIAS SB/1737/202/A

SPORT

JARE GAAN DIE SENIORS OPKE L

Deur Jan van Vuuren

DIE Puk-kampioenskappe vind op 5 Maart plaas. Die byeenkoms wat op die Park-ovaal afgehandel word, belooft om 'n interessante een te wees. Die rede hiervoor is dat daar op die eerstejaarsbyeenkoms verskeie atlete van gehalte na vore getree het en dat die gevestigde atlete sal moet uithaal om weer bo uit te kom.

Die mansafdeling bestaan uit 'n senior en junior kompetisie terwyl al die vroue in een afdeling sal meeding. Daar sal

in 46 nommers gewedwyer word.

100 METER

Die hoogtepunt van die byeenkoms kan baie maklik die 100 meter vir mans wees. Stephanie Kotze kom dan te staan teen Pollie Massyn, Tinus van Wyk en Agathagolou. Die tyd kan vinniger wees as die 10,7 waarmee Massyn die eerstejaars byeenkoms gewen het. Die baan sal nie so swaar wees nie en indien Piet Kruger besluit om ook aan die kort naeloop deel te neem sal die stryd tussen die blitse voorwaar iets wees om te aanskou.

SKYFWERP

Nog 'n atleet wat die aandag op hom kan vestig is Piet Goosen. In die skyfwerp is die kans goed dat hy die rekord van Dawid Booysen kan verbeter. Die rekord staan op 50,45 meter terwyl Goosen met die eerstejaarsbyeenkoms 54,68 meter ver gegooi het.

Sy kans om in die gewistoot die rekord te verbeter is egter nie so goed nie. Op die eerstejaars byeenkoms het hy 'n afstand van 14,04 behaal terwyl die Puk rekord 18,34 meter is. Dat hy in die skyfwerp die potensiaal het om van die rekord kleingeld te maak, kan beslis nie aan getwyfel word nie.

SPIESGOOI

In die spiesgooi vir mans sal daar ook hard geswoeg word om die ou rekord te verbeter. Piet Terreblanche, Jurg Prinsloo en L. J. du Toit sal aldie hard probeer om die spies verder as 63,05 meter te laat grond vat. Die moontlikheid is groot dat Terreblanche met die louere sal wegstap maar in sport is alles moontlik en een van die ander twee kan net so maklik wen.

GERRIE

Gerrie Jacobs is nog 'n atleet van wie daar baie verwag word. Daar bestaan nog nie sekerheid aan watter nommers hy sal deelneem nie. Hy sal egter moet uithaal as hy in die 400 meter of die 800 meter die rekord wil breek. Op die oomblik is die rekord vir die 400 meter 48,9 sek. Fanie van Zyl se rekord in die 800 meter staan op 1 48,9. Dit is dus duidelik dat Jacobs met 'n uiterste poging vorendag sal moet kom.

Andries Kroggman sal na 'n lang afwesigheid weer in aksie gesien word. Na 'n beseëring is dit nie seker hoe Kroggies sal vaar nie maar Gert Doorewaard sal wel daar wees om hom te laat uithaal. Die tweestryd tussen die twee kan op 'n ander hoogtepunt van

die byeenkoms uitloop.

Die koshuise moet nog hulle spanne vir die byeenkoms bekend maak maar daar kan maar aanvaar word dat daar in verskeie nommers atlete navore sal tree waarvan nog nooit kennis geneem is nie. Die hekkies vir mans asook die hoogspring is op die oomblik die twee nommers waar die kans vir verrassings die beste is.

Aangesien daar nie werklik vrouetalent na vore getree het nie, sal die vroue-atlete van verlede jaar maar weer in hul onderskeie nommers koning kraai.

KRIEKET

DIE eerste kriketspan van die Puk het die afgelope twee Saterdag met 'n verbete eindpoging begin om die Scorgie-beker in te palm. Hulle het naamlik die afgelope twee Saterdag spel van so 'n gehalte gelever dat hulle 18 punte uit die Weermag elftal kon wurg.

Die uitblinkers in die sege van die Puk was ongetwyfeld Clive Ulyate en Hugo Lindenberg. Ulyate, voormalige Springboklooskakel, het 102 oorwonne lopies geslaan. Dit het die Puk in staat gestel om 223/6 aan te teken. Wikkie Welman het 57 tot die totaal bygedra. Lindenberg met 3/9 en Sias Willemse 2/18 het gesorg dat Weermag in hul tweedebeurt net 43 behaal. Die Puk het 18 punte verdien met die sege.

Die Leeus — die tweede span — het egter teenspoed opgetel. Die manne het teen Western Reefs — wat laaste op die punteleer is — verloor. Dit is duidelik dat die vakansie die manne se spel verroes het. Met harde oefening kan dinge egter reggemaak word en sal die Scorgiebeker nie net 'n droom vir die tweede beses van die Puk bly nie.

PUKKE!

vir al u kleurbaadjies en sportdrag

Johan Claassen Broers

(Edms.) Bpk.

Tel. 6161/3612

POTCHEFSTROOM

Kerkstraat 92

Tak: Tomstraat 100

—WP

Puk maak geskiedenis

DIE geskiedenis van Suid-Afrika se verbintenisse met die Olimpiese Spele en die Statebondspele, word fans deur die Departement Liggaamlike Opvoedkunde van die P.U. vir C.H.O. nagevors en gedokumenteer.

Dié taak word deur dr. Gert J. L. Scholtz en mnr. Floris van der Merwe onderneem. Dr. Scholtz tree as leier van die projek op.

'n Toekenning van R4000 is deur die Departement van Sport en Ontspanning, via die Federasie vir Jeug en Sport, aan die Potchefstroomse Universiteit gemaak om die projek te finansier.

Daar is in Januarie 1975 met die projek begin en dit sal na raming nagenoeg drie jaar duur. Die eindproduk van die studie sal in boekvorm op die internasionale mark beskikbaar gestel word.

Dr. Scholtz het enkele aanduidings van interessantheite van die navorsing gegee. Volgens hom het Suid-Afrika amptelik vanaf 1908 tot 1960 aan die Olimpiese Spele deelgeneem. So ver vasgestel kon word, het geen Suid-Afrikaners aan die eerste moderne Olimpiese Spele in 1896 in Athene, of die daaropvolgende Spele in 1900 te Parys deelgeneem nie.

Die internasionale rekordboeke toon egter dat drie Suid-Afrikaners in 1904 aan die Olimpiese Spele te St. Louis deelgeneem het. Twee van hulle se name is bekend, naamlik twee Zoeloes genaamd Jamasini en Lentaau. Die derde deelnemer, glo 'n blanke, bly nog onbekend.

Jamasine en Lentaau was twee dansers wat op die

„World Fair”, wat met die Olimpiese Spele saamgeval het, vertonings oor stamdanse uit Afrika moes lewer. Die geweldige uithouvermoë van hierdie twee sterk Zoeloes wat vir ure en ure aaneen, dwarsdeur die smorende Augustus-hitte van die Mississippi-beken, met hul uitputtende danse kon voortgaan, het gou die oog gevang. Waarom hulle nie aan die Olimpiese Spele se marathon laat deelneem nie?

Die marathonwedloop het op 30 Augustus 1904 plaasgevind. Dit was 'n bedompige warm dag, soos dié in Natal, hul geboorteplek. Vir die eerste 15 myl het dit goed gegaan en het hulle met gemak onder die voorbokke gebly. Toe gebeur die onverwagte. 'n Verwoede hond skraap hulle en jaag hulle van koers af.

Onder die 14 hardlopers wat die wedloop kon voltooi, tel die name van Lentaau (9e) en Jamasini (12e).

So baie van ons geskiedenis rakende die Olimpiese Beweging is nog nie aangeteken nie. Dotsyne staaltjies en ervarings swerf nog in die mond van sportlui en vriende rond om uiteindelik vergeet te word. So word daar vertel dat die Potchefstroomse marathonloper, Kenneth McArthur, Suid-Afrika se tweede goue medaljewenner (op die Spele van 1912 te Stockholm) sy vaardigheid as marathonloper ontdek het toe hy nog polisieman was.

McArthur moes op 'n dag 'n Bantoe-misdadiger vang en arresteer. Dié kerk het besluit om die berge in te vlug. McArthur het hom glo te voet agternagesit en hom teen 'n stywe pas vir baie en baie ure aaneen agtervolg. Hy het die Bantoe eenvoudig kis gehardloop, hom in hegtenis geneem, en op die koop toe ontdek dat

hy 'n kranige middelafstand-atleet kan word.

Onnodig om te sê, Ken Mc



DR. GERT SCHOLTZ
(Foto: Fotokuns).

Arthur het in 1912 die Olimpiese Marathon in 2 uur, 36 minute, 54,8 sekondes vir Suid-Afrika gewen. Tweede was nog 'n Suid-Afrikaner, Christopher Gitsam in 2:37:52,0.



Nuwe afrigters

DIE P.U. Atletiekklub het weer nuwe lewe gekry met die aanstelling van drie deeltydse afrigters wat voortaan mnr. Jos Sirakis, die hoofafrigter, sal bystaan.

Die drie deeltydse afrigters is mej. Rosalie de Klerk, mnr. Nico Kotze en mnr. Pypies Laubscher.

Dié drie bekende Wes-Transvaalse afrigters is genader om deel van mnr. Sirakis se span te vorm. Mej. De Klerk, lectrise in liggaamlike opvoeding aan die Puk, is 'n bekende mid-

delafstandatleet. Saam met mej. De Klerk en mnr. Sirakis sal mnr. Laubscher, 'n lektor in Fisiologie, vir die middelafstande verantwoordelik wees.

Mnr. Kotze is 'n bekende afrigter en rig atlete soos Stefané Kotzé, Gerrie Jacobs en Yvonne Kitshoff af.

Die doel van die aanstelling van die deeltydse afrigters is om gespesialiseerde afrigting binne die bereik van elke atleet te plaas.

Mnr. Piet Malan, direkteur van die sportinstituut, staan hier saam met mnr. Jos Sirakis, hoofatletiekafriker, by die P.U.-Atletiekklub se nuwe afrigters, mnr. Nico Kotze, mnr. Pypies Laubscher en mej. Rosalie de Klerk. (Foto: Fotokuns).

Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.

CACHET APTEEK

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.



DIE STUDENTE-APTEEK

EKSKLUSIEWE DROOGSKOONMAKERS

Bult Droogskoonmakers en Wassery

STUDENTE!

Dit is U droogskoonmakery en wassery. Hier sal u tuis voel.

Bring u sak wasgoed — spesiale diens aan studente.

Herstelwerk aan klere in 'n japtrap. Fout met u skoene? Bring hulle ook!

AFSLAG OP SEKERE HOEVEELHEDE.

Tomstraat 98

Telefoon 5574

—WP.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- ◆ HANDBOEKE
- ◆ SKRYFBEHOEFTE
- ◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel”

Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom

—WP



INSLEEP Restaurant

GEKOOKTE MAALTYE AAN STUDENTE

TOMSTRAAT 100

TELEFOON 6039

—WP